ONS GLO
LAERSKOOL RANDHART
Samuelstraat, Randhart, Alberton • (011) 864-5110/1 • info@randhartlaer.co.za • randhartlaer.co.za

29 Oktober 2026

Geagte ouers/voogde

Ons is reeds in die pylvak van 2026 en die kwartaal se grootste hoogtepunt is die eksamen wat voorlê. Terwyl ons leerders hulle voorberei op hierdie belangrike akademiese uitdaging, is daar steeds verskeie aktiwiteite wat afgehandel moet word.

Graag deel ek enkele belangrike aktiwiteite asook ’n paar algemene sake waarvan u asseblief kennis moet neem.

1. **Woensdag 4 November: Plaaslike verkiesings**
   Op Woensdag 4 November vind die munisipale verkiesing plaas. **Die skool sal op hierdie dag gesluit wees**. Ons moedig alle stemgeregtigde Rantie-ouers en personeellede aan om hul demokratiese reg uit te oefen en sodoende ’n bydrae tot die toekoms van ons gemeenskap te lewer.

2. **Eksamen**
   Ons graad 4 tot 7-leerders het reeds hul afbakenings vir die eindjaartoetse -eksamen ontvang en ek glo dat almal reeds pligsgetrou met voorbereiding besig is. Leerders moet onthou om elke dag hul skrifte, hand- of leesboeke (indien enige) en leerwerk van die vak wat op daardie dag geskryf word asook die daaropvolgende vak saam te bring skool toe. Alle skrifte, lees- en handboeke word daagliks na afloop van die toets ingeneem.
   Ons glo en vertrou dat ons leerders gereed sal wees om met selfvertroue rekenskap te gee van die jaar se werk en dat hulle uiteindelik beloon sal word.

3. **Skoolsluiting vanaf 9 November tot 8 Desember**
   Die hele skool (graad RRR tot 7) sal **vanaf 9 November smiddae om 13:00** uitkom. Tref asseblief u reëlings sodanig dat leerders betyds afgehaal word.

4. Padveiligheid rondom die skool

Ongelukkig is daar steeds padgebruikers wat nie die nodige erns aan padveiligheid rondom die skool gee nie. Leerders tree soms impulsief op en is nie altyd bewus van die gevare van aankomende verkeer nie. Dit is daarom van kardinale belang dat alle motoriste ekstra versigtig en bedagsaam moet wees wanneer hulle die strate aangrensend aan die skool gebruik.

Ons moedig alle leerders aan om die aangewese voetoorgange te gebruik wanneer hulle die pad oorsteek. **Ons versoek ouers vriendelik om asseblief nie die voetoorgange as aflaaipunte te gebruik nie.** Voertuie wat hier stilhou, belemmer voetgangers se sig en maak dit moeiliker om aankomende verkeer betyds raak te sien.

'n Verdere groot bekommernis is die aantal ouers wat steeds hul selfone gebruik terwyl hulle bestuur. Ons kinders se veiligheid is ononderhandelbaar. Ons doen daarom 'n ernstige beroep op elke ouer om verantwoordelik op te tree, verkeersreëls te gehoorsaam en hul volle aandag op die pad te hou.

Neem asseblief ook kennis dat **alle strate aangrensend aan die skool nou behoorlik deur kringtelevisiekameras (CCTV) gemonitor word.**

Ons doen 'n beroep op elke ouer om saam met ons verantwoordelikheid te aanvaar vir die veiligheid van ons kinders. Deur bedagsaam en verantwoordelik op te tree, kan ons saam 'n veiliger omgewing vir elke Rantie skep.

5. Prestasietoekennings 2026

Ons sien daarna uit om ons leerders se harde werk en prestasies tydens 2026 se Prestasietoekenningsgeleenthede te vier. Neem asseblief kennis van die datums waarop die onderskeie grade se geleenthede plaasvind:

Maandag 23 November:	Graad 1 – 3
Dinsdag 24 November:	Graad 4 en 5
Woensdag 25 November:	Graad 6 en 7

Graad 7-leerders sal tydens hierdie geleentheid ook hul balkies ontvang indien hul gedurende 2026 daarvoor in aanmerking gekom het. Buiteskoolprestasies wat op provinsiale en/of nasionalevlak behaal is, kan ook vir erkenning voorgelê word.

Indiening van prestasies: Ouers van graad 7-leerders word vriendelik versoek om besonderhede van toepaslike provinsiale- en nasionale prestasies per e-pos aan prestasies@randhart.co.za te stuur.

Graad 1 tot 6-leerders sal vroeg in Februarie 2027 hul erkenning vir balkies en buiteskoolverband tydens ons spog prestige-aand ontvang.

6. Super 12-swem

Ons het vanjaar vir die eerste keer in die geskiedenis van ons skool aan hierdie kode van Super 12 deelgeneem. Dit beteken dat Randhart nou deel is van 'n uitgesoekte groep skole wat aan AL die Super 12-kodes deelneem.

Ons behaal 'n algehele tiende plek (seuns 9de en meisies 10de).

Diane Reynders swem ook ons eerste Super 12-swemmedaljes in die geskiedenis los. Baie geluk met jou 2 bronsmedaljes, Diane!

Ons glo dat ons swemspan van krag tot krag sal gaan.





7. Super 12-atletiek

Laerskool Randhart se atlete het op Saterdag 24 Oktober aan die jaarlikse Super 12-atletiekbyeenkoms by Die Hoërskool Menlopark in Pretoria deelgeneem. Dit is vir seker een van die grootste atletiekbyeenkomste vir laerskoolatlete in Suid-Afrika. Op die dag neem van die land se beste atlete daar deel met ongelooflike prestasies wat elke jaar behaal word.



Die Rantie-atlete het weereens gewys waarom ons nie terug staan as dit by atletiek kom nie. Ons atlete het voortreflike prestasies behaal deur die loop van ’n baie warm dag wat gelei het na ’n algehele 4de plek vir ons skool. Hierdie was ons beste prestasie by die Super 12-atletiek sedert die samesmelting van al die Super 12 skole in 2022.

Die Rantie-atlete verower op die dag 12 x goue, 5 x silwer, 3 x brons, 3 x vierde plekke asook nog 29 plekke in die top 10. Voorwaar iets om op trots te wees!

Aan elke atleet en afrigter: Baie dankie vir julle harde werk! Ons is ’n span wat saam werk en dit is die groot geheim tot ons sukses! Dankie aan elke entoesiastiese ouer wat aanmoedig en ondersteun.

Ons sien uit na uitstekende prestasies in die 2027-atletiekseisoen.

Besonderse uitslae was as volg:

- **Dane Conradie** – 4de plek: 60m (o.7) D en 1ste plek: 80m (o.7) D
- **Quinn Delport** – 1ste plek: 60m (o.9) D en 1ste plek: 80m (o.9) D
- **Lu-Mari Hatting** – 1ste plek: 600m (o.9) D
- **Johan Hattingh** – 1ste plek: 800m (o.13) S en 1ste plek: 1500m (o.13) S
- **Kehann Welgemoed** – 4de plek: 1200m (o.10) S
- **Anroux Nel** – 2de plek: 1200m (o.12) S
- **Marisa Cloete** – 3de plek: 75mH (o.13) D; 2de plek: 200mH (o.13) D; 1ste plek: Hoogspring (o.13) D; 3de plek: Spiesgooi (o.13) D
- **Eduan Barnard** – 2de plek: Hoogspring (o.11) S
- **Lerie Swanepoel** – 2de plek: Verspring (o.13) D
- **Kian van der Westhuizen** – 4de plek: Gewigstoot (o.10) S

- **Ivanka Crous** – 3de plek: Gewigstoot (o.11) D
- **Katy Coetzee** – 1ste plek: Gewigstoot (o.12) D; 1ste plek: Diskus (o.12) D
- **Liam McGeer** – 1ste plek: Gewigstoot (o.13) S; 2de plek: Diskus (o.13) S
- **Nian Erasmus** – 1ste plek: Diskus (o.12) S; 1ste plek: Spiesgooi (o.12) S

Quinn Delport behaal ook die besonderse prestasie deur aangewys te word as die Junior Victrix Ludorum.

8. Rugby

Baie geluk aan die volgende Ranties wat vir die **Leeus se Red Squad-oefengroepe** in die o.11- en o.12-ouderdomsgroepe gekies is.

Die oefengroepe is saamgestel uit spelers van al die streke binne die Leeus-rugbystreek. Hierdie keuring is 'n besondere prestasie en getuig van die seuns se talent, harde werk en toewyding aan rugby.

o.11

- Joshua Vorster
- Lihan de Koker
- Logan Jacobs
- Matthew Connoway
- Nian Erasmus
- Ruwan Anderson
- Zandré Delport
- Mardo Venter

o.12

- Daniel Frey
- Liam Mcgeer
- Jóvan Oosthuizen

Baie geluk aan die spelers en hul ouers met hierdie besondere prestasie. Ons is trots op elkeen van julle en wens die seuns sterkte en sukses toe met die verdere oefeninge en die geleenthede wat voorlê.

7. Krieket

Laerskool Randhart is besonder trots op die volgende leerders wat gekies is om hul onderskeie Easterns-krieketspanne te verteenwoordig. Die meisies het hul proewe by Willowmoore Park gespeel, terwyl die seuns by CBC Boksburg deelgeneem het. Dit was dae van uitstaande krieket waar die beste spelers uit verskillende streke teen mekaar meegeding het.

Baie geluk aan die volgende leerders wat in verskillende spanne opgeneem is:

o.13 - Jason Connoway
o.13 (Meisies) - Kiara Kers
o.12 - Liam McGeer
o.11 - Matthew Connoway, Ruwan de Bruin, Nian Erasmus, Lihan de Koker (reserwe) en Zandré Delport (reserwe)



Ons wens elkeen van julle baie sterkte toe by die verskillende provinsiale weke en weet dat julle Randhart met trots sal verteenwoordig!

Die seunsliga het weer hervat en die kwartfinale is reeds afgehandel. Die o.10-span en tweede span het albei teen Rynfield Primary geseëvier, terwyl die o.9-span ook ’n goeie oorwinning teen Laerskool Northmead behaal het. Ongelukkig het die o.11-span in ’n naelbytstryd teen Laerskool Selection Park vasgeval, terwyl die eerste span ook teen Laerskool Concordia verloor het.

Die o.9- en o.10-span het ongelukkig in die semi-finale vasgeval, maar die seuns het ’n puik seisoen van groei en karakter getoon. Ons is ook ongelooflik trots om te sê

dat die 2de seunspan die Gauteng-Oos-liga se ‘bowl’-afdeling gewen het – ’n prestasie waarop ons trots is en ’n eerste vir Randhart se 2de span is. Baie geluk aan al die seuns en mnr. Brand, hul afrigter.

Die meisies se liga is ook in volle swang, met Randhart se eerste en tweede span wat tot dusver onoorwonne is! Die spanne het reeds teen verskeie skole en *hubs* kragte gemeet, naamlik Laerskool Orion, Laerskool President Steyn, Veritas Preparatory, Duduza Hub, Actonville Hub en Kwa-Themba Hub.

Die liga duur voort, totdat die Oostelike krieketkampioene gekroon word. Ons is baie trots op ons meisies se uitstekende prestasies en wens hulle sterkte toe vir die res van die liga!

“Om sterk te begin, is goed. Om sterk klaar te maak, is besonders.”
- Robin Sharma -

Ons staan aan die einde van 2026 se laaste kwartaal met nog heelwat take en aktiwiteite wat voorlê. Dit is nou die tyd om ons fokus te behou, ons beste te gee en die jaar met dieselfde toewyding af te sluit as waarmee ons dit begin het. Kom ons werk saam om te verseker dat elke Rantie die jaar met ’n gevoel van trots en prestasie kan afsluit. Dit is nie net hoe ons begin wat saak maak nie, maar hoe ons saam klaarmaak.

Groete.

D F Venter
Skoolhoof